

PAK OP

Ontmoeting 17

PAK OP

Die kinders beleef iets van die wonder van die uittoeg uit Egipte en die wonderwerk by die Rooisee.

Teks: Eksodus 11 tot 14

Hulpmiddels:

- 'n Paar mandjies of sakke met enige ou klere
- 'n Besemstok met 'n groot prent van 'n wolk aan die een punt en 'n groot prent van vlamme aan die ander punt



WELKOM

Speel "Wasgoedsak aflos":

Die kinders maak rye. Gooi 'n sak kledingstukke uit voor die eerste kind in elke ry. Wanneer jy sê "begin", moet die voorste kind begin om een kledingstuk op 'n slag aan te trek, uit te trek en vir die persoon agter hom/haar aan te gee sonder dat die klere weer die grond raak. Die agterste kind moet die klere agter hom/haar sit. Die ry wat eerste al die klere aangetrek, uitgetrek en aangegee het, wen.

Speel "In die water! Op die wall!" Die groep maak 2 rye wat oorkant mekaar staan en vir mekaar kyk. Die aanbieder staan waar sy almal kan sien. Die groepe moet vorentoe of agtertoe spring wanneer jy die opdrag uitroep. Wanneer jy "In die water!" roep, spring almal een tree vorentoe (m.a.w. na mekaar toe) en wanneer jy "Op die wall!" roep, spring almal een tree agtertoe. As 'n kind in die verkeerde rigting spring, is hy of sy uit. Kom ons kyk wie bly oor.



WYDING

Temalied: "Ons God is 'n Wonder God" ("Our God is an awesome God") (Flam 85)

Stilword-ritueel:

Staan in 'n kring, hou hande vas en sê die volgende:

"Omdat ek in God glo*, kan ek die mense wat my seermaak vergewe.

Omdat ek in God glo*, sien ek uit na die mooi lewe wat God vir my gereedmaak."



WOORD

Die Woord gedeelte word gedramatiseer deur die aanbieder en groepleiers. Hulle kom haastig die vertrek binne en begin vinnig die klere in sakke pak. Hulle jaag die kinders op 'n hoop en maak seker dat almal hul skoene en eie klere aanhet. Die aanbieder en groepleiers begin met mekaar gesels en volg die basiese storielyn. Gesels so oor die kinders se koppe met mekaar:

"Kom julle! Dit waarvoor ons so lank gewag het, het nou uiteindelik gebeur. Moses het ons mos presies vertel wat ons moet doen wanneer die tyd reg is."

Iemand anders antwoord: "Is dit hoekom al die Egiptiese vrouens so histories huil? Haai, ek kan dit nie glo nie!!"

Iemand anders antwoord: "Ja, al die oudste kinders van die Egiptiese gesinne is dood. En nie net hulle kinders nie, die slawe se kinders, en die diere se kleintjies ook!! Dis vreeslik!"

"God het gesê Hy gaan dit doen en nou het Hy! Want die farao wou mos nie luister nie!! Nou het Farao gesê ons moet uit sy land gee pad! Moses sê ons moet ons goed vat en reg wees!!"

Aanbieder: Dankie, julle almal!! Kom ons raak net rustig terwyl ons wag!

Kyk net hoe wonderlik is God. Watter pad het Hy nie met ons gestap die laaste ruk nie! Hy het vir Moses geroep om ons te kom lei. En toe die farao ons nie wil laat gaan nie, het God al hierdie rampe oor Egipte gebring. Wie kan nog onthou met watter ramp al hierdie dinge begin het. *(Help die kinders om die 9 plae van die vorige keer te onthou.)*

En nou het die tiende ramp die land getref. Al die oudste kinders is dood. God het vir Moses vertel wat ons alles moes doen om gered te word en hierdie ramp vry te spring. Julle onthou wat ons alles gister gedoen het.

(Indien jou groepleiers jou kan help, laat een van hulle die voorbereidings opnoem en voorbeelde daarvan uitpak.)

Elke gesin moes 'n skaap slag en braai, brood maak sonder suurdeeg en ook bitter blare by die ete sit. Voordat ons geëet het, moes ons die regte klere aantrek, asof ons ver gaan loop. Onthou julle? *(Trek nou een van die kinders aan uit die hoop klere: 'n band om die lyf, sandale en 'n stapkierie.)* Onthou julle hoe haastig moes ons eet? Elke pappa het die skaap wat geslag was, se bloed gevat en teen die voordeur se kosyne gesmeer. Dit was vir ons snaaks, maar Pappa het verduidelik dat die bloed aan die deurkosyn ons sou beskerm. Ek dink nie ons het besef hoe erg die tiende plaag sou wees nie. Twaalfuur vannag het die Egiptiese families begin huil en dit het nog nie opgehou nie.

Wondervraag: Kom ons stop gou hier die verbeeldingsreis. Ek wonder hoe jy sou voel as jy in hierdie chaos wakker geword het.

(Die storie verder... Gebruik 'n besemstok en sit aan een punt 'n groot prent van 'n wolk en aan die ander punt 'n groot prent van vlamme. Kry 'n vrywilliger om die stok vir jou vas te hou.)

Die Here het saam met die Israëliete verder gereis. Hulle het nie 'n GPS gehad of 'n goeie kaart dat hulle presies kon weet waar om te gaan nie, maar God het hulle op 'n spesiale manier gelei. *(Haal die stok uit.)*

In die nag het God hulle gelei deur 'n vuurkolom *(hou die vlamme van die stok bo)* en in die dag deur 'n wolkkolom *(draai die stok om)*. Die wolk en die vuur het hulle gelei tot by die Rooisee.

Toe die koning van die Egiptenare besef dat die Israëliete weg is, was hy baie spyt. "Wie gaan nou vir ons werk?" Die koning het dadelik op 'n vinnige wa gespring en met 'n klomp soldate die Israëliete agterna gesit. Naby die see het die Egiptenare die Israëliete begin inhaal. Die Israëliete kon hulle sien aankom. *(Laat die kinders met hul hande voor hul oë in een rigting tuur.)* Hulle het met Moses begin raas: "Het jy ons nou gebring om hier in die woestyn dood te gaan? Hoekom het jy ons ooit uit Egipte gebring?" Moses sê vir hulle: "Moenie bang wees nie, hou net dop!"

(Haal die wolk en vuur papiere van die stok af sodat dit as kiere gebruik kan word.)

God vir het Moses presies gesê wat hy moes doen. Moses het sy kiere opgetel en dit oor die see gehou. *(Tel die stok op en hou dit oor die kinders.)* Hy het sy hand opgelig. Die Here het 'n sterk wind laat waai. Dit het die hele nag lank gewaai. Die water is weggedruk sodat daar 'n droë pad was. *(Wys met die kiere heen en weer tussen die kinders dat hulle vir jou 'n pad tussen hulle oopmaak. Stap tussen hulle deur terwyl jy die storie vertel.)* Aan die sykante het die water soos twee hoë mure opgedam.

Die Israëliete het begin stap. Terwyl hulle stap, het die Egiptiese soldate al nader gekom en ook op hierdie droë pad begin jaag. Die Here het die Egiptenare teruggehou deurdat hulle waens se wiele in die sand ingesak en hulle deurmekaar geraak het. Hulle was bang en wou omdraai. *(Staan tussen die kinders en draai in die rondte terwyl jy dit vertel.)* Toe het die Here vir Moses gesê: "Hou nou weer jou hand oor die see. Die water sal dan terugspoel bo-oor die soldate." *(Stap tussen die kinders deur en laat hulle terugskuif soos die waters terugspoel.)* Gelukkig was al die Israëliete al veilig op die strand aan die anderkant. Die Israëliete het gesien hoe sterk die Here is en hulle het baie respek vir die Here gekry en in Hom geglo.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder, as jy een van die Israëliete was, wat sou jy vir 'n nuwe maatjie anderkant die Rooisee vertel.
2. Ek wonder waarmee jy al vir God moes vertrou.
3. Ek wonder watter woorde jy sal gebruik om God te beskryf na jy hierdie storie gehoor het.
4. Sing weer die temalied: "Our God is an Awesome God" of "Ons God is 'n wonder God"




WERSKAF

- ♦ Laat die kinders met 'n toiletrolletjie en rooi en wit sneespapier ("tissue paper") of servette vir hulle 'n teken maak van God se leiding. ('n Vuurkolom of wolk.) In die middel op die rolletjie kan hulle woorde neerskryf of iets teken wat God beskryf.
- ♦ Gee aan die kinders elkeen 'n kopie van die Rooisee om in te kleur. Knip op die soliede lyne, vou op die stippellyne en plak die wit driehoek-gedeelte vas onder die driehoek met die teks op. Dit vorm dan "mure van water".
- ♦ Gee vir die kinders papier wat in 3 dele opgedeel is. Die buitekante word blou ingekleur en die middelste deel bruin. Kleur nou bo-oor alles pikswart in en krap met die agterkant van 'n teelepel patrone of prentjies op die blad sodat die blou van die water en die bruin van die pad deurskyn.

Sluit af met die seënbede.



Bo: Voorbeelde (internet) van die wolk- en vuurkolom-aktiwiteit.



Eksodus 14:22:

“Die Israeliëte het op droë grond deur die see gegaan, en die water het weerskante van hulle soos 'n muur gestaan. “